NUUSBRIEF

Rietfontein Saamtrek

September 2019

JAARVERGADERING 10 AUGUSTUS TE BUSH IN WOONWA PARK

Na afloop van ‘n suksesvolle JAARVERGADERING neem ons ongelukkig afskeid van Mike en Mariza Jennings en Nicola Hugo wat uit bestuur bedank het. Maar ons hoop en glo hulle sal nog BAIE jare deel bly van die RIETFONTEIN familie. Ons wil net vir die nuwe bestuur sê baie geluk en sterkte voorentoe.

DIE NUWE RIETFONTEIN BESTUUR 2019/20

1. Voorsitter – Hentie Wessels
2. Ondervoorsitter – Martin von Molendorff
3. Sekretaris – Elize Wessels
4. Penningmeester – Lucia Jardine
5. Batehouer – Percy Steenkamp
6. Oord Skakelbeampte – Retha von Molendorff
7. Redaksie – Lida Steenkamp
8. Addisionele Lid – Kleintjie van Vuuren

Laastens BAIE GELUK aan elke RIETFONTEINER wat ‘n toekenning ontvang het tydens die vergadering.
Die naweek was afgesluit met ‘n heerlikke “Pap & Ribbietjie” braai.

NUUSBRIEF

KONGRES gehou te WEESGERUS - 5 – 7 September 2019

Rietfontein was verteenwoordig deur

- Hentie & Elize Wessels
- Martin & Retha von Molendorff
- Percy & Lida Steenkamp
- Shawn & Elize Carstens

Dit was ‘n heerlikke naweek met ‘n Formele dinee & baie Toekennings.

Baie geluk aan Shawn & Elize Carstens vir hul toekenning vir ***25 JAAR LIDMAATSKAP***.

En dan aan ieder en elk van ons ***RIETFONTEINERS*** vir ***BESTE GROEI*** deur die jaar.

Met goeie gees het ons Voorsitter en Onder Voorsitter gesorg vir bietjie opwinding gedurende die aand se verrigtinge. Met hulle kleurvolle dasse, wat nie deel is van SAWA drag nie, het hulle rond parradeer en moes later op hul knieë ‘n welverdiende strafdop drink.

Daar was besluit omrede dit SAWA se ***50ste*** herdenking is, sal daar GEEN HEFFING IN LEDE GELDE VIR DIE JAAR wees nie. ☺

Die naweek was afgesluit met ‘n heerlike ontbyt.

NUUSBRIEF

LIEF EN LEED

Kleintjie van Vuuren is amper terug na normaal na haar rug operasie.
Elize Wessels se moeder is uit die hospital en sterk mooi aan.
Kobus van Eeden was in vir sy Nierstene en is ook terug op die been.
En dan ons innige meegevoel vir Jannie Barnard wat sy broer verloor het in ‘n motorfiets ongeluk. Baie sterkte!

Nog net…DRIE kampe oor vir 2019!? Waar vlieg die tyd heen?

- 27 – 29 September – Soetdoring
- 11 – 13 Oktober – Nasionale Saamtrek Malonjeni
- 22 – 24 November ??? KERSKAMP!!!

VEELS GELUK LIEWE MAATJIES

Elize Wessels 13 Augustus
Retha von Molendorff 27 Augustus
Tannie Nellie Green 6 September
Mike Jennings 9 September
Shawn Carstens 11 September

EN DIE VOLGENDE MAATS WAT KOEK MOET BRING IS

Jako Briel 27 September
Rencia Jansen 9 Oktober
Claud Jardine 12 Oktober

NUUSBRIEF

IETS VIR DIE MAAG

Ontbyt potjie

2 eetlepels olie
250 g sampioene, in kwarte gesny
2 uie, grof gekap
250 g spek, in blokkies gesny
1 blik (440g) gekapte tamaties
handvol tiemie takkies
sout en swartpeper
12 varkworsies, in skyfies gesny
6 eiers
1 koppie (250 ml) Cheddarkaas, gerasper

Verhit die olie in ‘n pot en braai die sampioene oor hoë hittevir 5 minute tot goudbruin en gaar.
Verwyder uit die pot en hou eenkant.
Braai die uie en spek saam vir ± 5 minute.
Voeg die blikkie tamaties en tiemie by en geur goed met sout en swartpeper.
Plaas ‘n laag varkworsies op die tamatiesous en kook vir ± 5 - 10 minute met die deksel op.
Haal die deksel af en plaas ‘n laag sampioene op die varkworsies en breek die eiers bo-oor die sampioene.
Maak die deksel weer toe en kook vir 5 minute.
Sprinkel met kaas en bedien met pap of potbrood.